

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK



GEWYSIGDE AANVULLENDE BEPALINGS

VAN

DIE NG SINODE HOËVELD SE KERKORDE

SOOS GOEDGEKEUR

TYDENS DIE SINODESITTING VAN 2014

Vir die Reglemente, Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne, en Tussen-orde soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2015: SIEN <https://www.ngkerk.org.za/kerkorde>

2017

VOORWOORD

“Ons God is nie ‘n god van wanorde nie, maar van orde en vrede”

Daar word dikwels grappies gemaak oor die Kerkorde. Soms is dit tong in die kies, maar soms ongelukkig ook neerhalend en spottend. In sommige kringe klink dit selfs vroom om te sê: *“Ons steur ons nie aan die Kerkorde nie, maar slegs aan die Bybel.”* Dit is interessant om te sien hoe mense wat so redeneer, juis die oomblik wanneer daar moeilikheid in hul gemeentes kom, dikwels die eerstes is wat hulle beroep op die fynste tegniese formulerings van die Kerkorde. Dit stel ons voor verskeie vrae oor die sin en gesag van die Kerkorde. Die antwoord op al hierdie vrae lê juis in ons eerbied vir die Woord van God.

In die Bybel het God Homself baie duidelik aan ons geopenbaar as die God van orde. Die ongelooflike goeie orde in Sy skepping bevestig dit. Net soos wat ons Hom in Sy skeppingswerk leer ken as die God van orde, net so verwag Hy van Sy Kerk op aarde om Hom te alle tye, ordelik te dien. In 1 Kor 14 gee Paulus voorskrifte oor praktiese aangeleenthede tydens die samekomste van die gemeente. Hy beklemtoon herhaaldelik die noodsaaklikheid van praktiese reëlins wat die gemeente met mekaar moet aangaan ter wille van die goeie orde in die kerk. 1 Kor. 14:33 *“God is tog nie ‘n god van wanorde nie, maar van orde en vrede.”* Vers 40: *“Alles moet egter gepas en ordelik geskied.”*

Is die Kerkorde dan nie maar net mensewerk nie? Ja natuurlik is dit mensewerk, maar dit is nie somer willekeurige mensewerk nie. Dit is die gesamentlike ooreenkoms wat al die gemeentes, ringe en sinodes van die NG Kerk met mekaar aangegaan het oor hoe ons wil antwoord op God se opdrag dat alles in Sy Kerk gepas en ordelik moet geskied. Daarom moet die Kerkorde tesame met sy bepalings en reglemente, altyd die toets van die Skrif kan slaag, asook die toets van praktiese relevansie in ons tydsomstandighede. So is ‘n goeie gereformeerde Kerkorde altyd een van die mees antieke, maar terselfdertyd ook een van die mees moderne dokumente van die kerk. Die grondbeginsels van ‘n gereformeerde Kerkorde bly deur die eeue dieselfde aangesien dit gefundeer is op die beginsels van die Woord. Aan die ander kant is die Kerkorde een van die mees moderne geskrifte in die kerk, want dit moet praktiese riglyne gee hoe om waarlik Kerk van Christus te wees in gehoorsaamheid aan God se Woord, binne die konteks van ons konkrete tydsomstandighede vandag. Dit is die enigste dokument van die kerk wat byna by elke sinode weer en weer aangepas word volgens hierdie twee riglyne: gehoorsaamheid aan die Woord en rekening met die wisselende omstandighede waarbinne die kerk funksioneer.

Die gesag van ons Kerkorde lê dus eerstens in die Woord wat vir ons die grondbeginsels van die Kerkorde gee. Tweedens lê die Kerkorde se gesag daarin dat dit die regsgeldige ooreenkoms is wat ons as lidmate, gemeentes, ringe, sinodes met mekaar gekontrakteer het om, in antwoord op die Woord, die goeie orde in die kerk te handhaaf.

Die hoogste gesag in die kerk is dus die Bybel as onfeilbare Woord van God. Dit verander nooit nie. Dan volg die gesag van ons belydenisskrifte wat ons saam bely omdat dit met die Woord ooreenstem. Dit verander ook baie selde aangesien dit net wil sê wat die Woord sê. Die Kerkorde, bepalinge en reglemente word herhaaldelik by sinodesittings aangepas om ons gehoorsaamheid aan God se Woord in ons moderne tyd steeds beter te konkretiseer.

Mag hierdie nuwe uitgawe van die Kerkordeboek al ons lidmate en ampsdraers so inspireer dat alles in die NG Kerk volgens ons Meester se opdrag: *gepas en ordelik sal geskied.*

Theo Danzfuss (082-925-0174)

Aktuaris van die NG Kerk, Sinode Hoëveld.

Lede van die Sinodale Regskommissie

Ds. T Danzfuss

Voorsitter

Ds. JH Windell

Ondervoorsitter

Prof. AS Koorts

Skriba

Ds. MC Roux

Ds. Adv GH Meyer

Ds. GJ Koen

Dr. P Kruger

Ds. FT de Villiers

Bepaling 5 wysiging: die ou bepaling 5 word nou Bepaling 6. Numerering word gewysig en redaksionele wysigings aangebring.

Aanvullende bepalings van Hoëveld Sinode.

Bepaling 7 en 8 wysigings: die ou Bepaling 7 word nou Bepaling 8.

Bepaling 8 - lees ook saam met Reglement 12 van die KO 2015

8.1 Wie is beroepbaar?

- 8.1.1 Alleen proponente en predikante onder die ouderdom van 65 jaar vir voltydse poste.***
- 8.1.2 Predikante of proponente van wie die beroep na 'n bepaalde gemeente ongeldig verklaar is op grond daarvan dat daar 'n afspraak in verband met die beroep gemaak is, se name mag nie weer op die groslys geplaas word vir die duur van daardie vakature nie. Geen leraar wat 'n beroep bedank het, mag weer tydens dieselfde vakature na die gemeente beroep word nie.***

8.2 Wie beroep?

- 8.2.1 Die beroeping van predikante geskied deur die kerkraadsvergadering. Die kerkraad het die reg om telkens by die uitbring van 'n beroep die datum van 'n volgende vergadering voorlopig te bepaal met die oog op die moontlikheid dat daar vir die beroep wat uitgebring is, bedank kan word. Van sodanige vergaderings hoef dan slegs op een Sondag afkondiging te geskied, gelyktydig met die afkondiging dat vir die vorige beroep bedank is.***
- 8.2.2 Indien twee of meer gemeentes in kombinasie 'n leraarspos onderhou of waar gemeentes gesamentlike werksaamhede onderneem en daarvoor 'n leraarspos skep, geskied dit volgens die kontraktuele ooreenkoms tussen die betrokke kerkrade (kyk Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes. 2.1.11).***
- 8.2.3 Leraars wat vir diens tot beskikking van die Nederduitse Gereformeerde kerkfamilie gestel word, word beroep ingevolge die Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk en in soverre daar ooreenkomste met die Nederduitse Gereformeerde kerkfamilie in dié verband is.***

8.3 Die Wyse van Beroeping

- 8.3.1 Die beroeping van bedienaars van die Woord geskied met geslote stembriefies en met volstrekke meerderheid van stemme van die stemgeregtigdes wat teenwoordig is.***
- 8.3.2 Nadat die nominasielyst gesuiwer en vrae oor kandidate gestel is, mag die voorsitter, voordat daar tot stemming oorgegaan word, inligting verstrek in verband met al die genomineerdes, met dien verstande dat hierdie mededeling positief, nie propagandisties, saaklik, beheers en tot feite beperk is.***
- 8.3.3 Die stemming geskied soos volg:***
 - 8.3.3.1 Elke stemgeregtigde stem net vir een van die name op die groslys.***

- 8.3.3.2 *Indien niemand by die eerste stemming 'n volstrekte meerderheid van stemme kry nie, word weer gestem tussen die name wat by die eerste stemming meer as een stem gekry het.*
- 8.3.3.3 *Indien niemand in die tweede stemming 'n volstrekte meerderheid van die stemme kry nie, vind 'n derde stemming plaas tussen die name wat die meeste stemme gekry het en wat saam 'n volstrekte meerderheid stemme op hulle verenig het.*
- 8.3.3.4 *Indien niemand in die derde stemming 'n volstrekte meerderheid van die stemme kry nie, word 'n tweetal gevorm uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het. Indien twee of meer name dieselfde getal stemme het, sodat dit nie duidelik is wie op die tweetal moet kom nie, word daar tussen die name wat ewe veel stemme gekry het, gestem om vas te stel wie die tweetal vorm.*
- 8.3.3.5 *Die finale stemming geskied uit die tweetal wat so gevorm is. Indien die stemme staak, beslis die lot wie beroep is.*
- 8.3.4 *Nadat 'n beroep uitgebring is, word die beroepsbrief ter vergadering opgestel met die aanduiding van die spesifieke vereistes wat gekoppel word aan die betrokke pos. Die beroepsbrief word onderteken deur die voorsitter van die vergadering en twee getuies. Die beroepene moet ook 'n aanduiding kry van die voorsitter van die kerkraad se gevolmagtigde kommissie met wie onderhandelinge gevoer kan word voor aanvaarding van die beroep.*
- 8.4 *Pligte van die Voorsitter in verband met die Beroep.*
- 8.4.1 *Die voorsitter van die vergadering wat beroep, sien streng toe dat die vereistes van die legitimasië-eed van predikante by hulle beroeping stiptelik in ag geneem word, en dat daar geen propaganda, bevoordeling of afspraak hoegenaamd by die beroeping is nie. Kerkraadslede is verplig om alles wat in hierdie verband ongerymd is, onder die aandag van die voorsitter te bring.*
- 8.4.2 *Sodanige besware word nie op die beroepingsvergadering bespreek nie. Indien die betrokke persoon beroep word, kan ingevolge Bepaling 8.5 beswaar gemaak word.*
- 8.4.3 *Die voorsitter van die beroepende vergadering gee dadelik aan die beroepene kennis van die beroep wat op hom uitgebring is, en stuur ook berig daaroor aan Die Kerkbode sowel as van die aanneming of bedanking van die beroep deur die beroepene.*
- 8.4.4 *Die voorsitter sien toe dat die beroep deur afkondiging op twee opeenvolgende Sondae aan die gemeente bekend gemaak word.*
- 8.5 *Besware teen 'n Beroep*
- 8.5.1 *Die voorsitter van die vergadering, sowel as enige ongesensureerde belydende lidmaat van die beroepende gemeente, het die reg om tot die aand van die tweede afkondiging 'n skriftelike beswaar met opgawe van redes by die kerkraad in te dien.*
- 8.5.2 *Hierdie beswaar kan gegrond wees op bepaalde klagtes teen die leer of wandel van die beroepene, of klagtes insake onreëlmatigheid in verband met die uitbring van die beroep.*
- 8.6 *Behandeling van Besware teen 'n Beroep of 'n beroepene.*

- 8.6.1 Die ringskommissie beslis oor besware teen 'n beroep of 'n beroepene.
- 8.6.2 Indien die besware handel oor onreëlmatighede in verband met die uitbring van die beroep, verkry die ringskommissie inligting om die besware te beoordeel
- 8.6.3 Indien daar beswaar teen die leer of wandel van die beroepene ingedien word, versoek die ringskommissie die ring onder wie se toesig die beroepene staan om alle ter saaklike inligting te voorsien.
- 8.6.4 Indien dit blyk dat die besware teen die beroep (8.6.2) of die beroepene (8.6.3) ongegrond is, beslis die ringskommissie dat daar met die beroep voortgegaan moet word en gee aan die kerkraad kennis van die besluit.
- 8.6.5 Indien dit blyk dat die besware teen die beroep (8.6.2) of die beroepene (8.6.3) gegrond is, roep die ringskommissie die ring bymekaar om te beslis of die beroep as vervalte verklaar moet word of nie.
- 8.6.6 Indien die ring besluit om die beroep as vervalte te verklaar, word die kerkraad daarvan in kennis gestel.
- 8.6.8 Die kerkraad neem 'n besluit om die beroep terug te trek en stel die beroepene daarvan in kennis met opgawe van redes en die kerkraad bring so gou moontlik 'n ander beroep uit.

8.7 Beroepsbrief en antwoord.

- 8.7.1 Onmiddellik na goedkeuring van die gemeente verkry is en die Ringskommissie skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is, word die beroepsbrief aan die beroepene oorhandig of versend.
- 8.7.2 In die geval van beroepe uitgebring volgens die riglyne van Bepaling 8.2.2 word die beroepsbrief onderteken deur die voorsitter en skriba van die kerkraad van die gemeente waaraan die leraar as predikant verbonde sal wees en waar hy sal woon.
- 8.7.3 Wanneer 'n leraar van 'n gemeente 'n beroep na 'n ander gemeente ontvang, moet hy dit aan sy gemeente bekendmaak, indien moontlik gelyktydig met die afkondiging daarvan in die beroepende gemeente. Die kerkraad van die gemeente waarin die leraar staan het die reg om deur sy diensverhoudingekommissie die leraar amptelik met advies te bedien.

8.8 Benoeming van 'n amptenaar/predikant in Sinodale Diens.

- 8.8.1 'n Amptenaar/predikant wat benodig word om onder toesig van die sinode die Kerk in wyer verband op 'n bepaalde terrein te dien, word aangestel/beroep deur die Sinodale Dienskommissie in opdrag van die sinode en op advies van die kommissie/diensgroep wat op die arbeidsterrein werksaam is. Genoemde kommissie/diensgroep het die reg om drie name op die groslys waaruit verkies word, te plaas.
- 8.8.2 Die Sinodale Dienskommissie stel die bedrag van die lewensonderhoud en moontlike toelaes van so 'n amptenaar/predikant vas, maak voorsiening vir die weg waarlangs die fondse daarvoor gevind word, en dra sorg dat daar vir hierdie amptenaar/predikant 'n aandeel in die kerk se pensioenfonds uitgeneem is.
- 8.8.3 Wat leer en lewenswandel betref, ressorteer hulle onder die opsig van die kerkraad en ring waar hulle woonagtig is.

8.9 Poste wat Sinodaal ondersteun word

8.9.1 *Waar daar in 'n bepaalde gemeente 'n buitengewone arbeidsterrein ontstaan wat te groot is om deur een gemeente behartig te word, kan die kerkraad by die sinode aansoek doen om die subsidiëring van 'n addisionele predikantspos vir die gemeente, met dien verstande dat die leraar wat met die ondersteuning van die sinode beroep word, hom hoofsaaklik moet toelê op die bearbeiding van die arbeidsveld met die oog waarop die ondersteuning aangevra is, hetsy binne die grense van die een gemeente, hetsy ook daarbuite in oorleg met die kerkraad van ander naburige gemeentes.*

8.9.2 *'n Kerkraad moet 'n dergelike aansoek om 'n toelaag van die kant van die sinode via die betrokke kommissie/diensgroep van die sinode wat hom besig hou met die arbeid op daardie spesifieke terrein rig. Die kommissie doen daarvoor 'n aanbeveling by die sinode.*

Wanneer die sinode op hierdie wyse 'n predikantspos subsidieer, het die betrokke kommissie/diensgroep van die sinode wat toesig oor die werk hou op die terrein waarvoor die subsidie gegee word, die reg om drie name op die groslys te plaas wanneer die kerkraad 'n leraar vir daardie werk beroep. Die kerkraad is verder verplig om jaarliks van die arbeid op die terrein waarvoor die subsidie gegee word, aan die betrokke kommissie/diensgroep van die sinode verslag te doen

8.10 Verlening van Demissie

8.10.1 *Indien 'n beroep met skriftelike kennisgewing aan die voorsitter van die kerkraad of die konsulent as verteenwoordiger van die ring aangeneem word, onthef die kerkraad van die gemeente waaraan die beroepene verbonde is hom van sy betrekking tot die gemeente en reik aan hom 'n akte van demissie volgens die voorgeskrewe vorm in duplikaat uit.*

8.10.2 *Aan proponente wat tydelik in 'n gemeente werksaam was, reik die kerkraad by hulle vertrek 'n getuigskrif aangaande hulle leer, lewe en arbeid, uit.*

8.10.3 *Indien die beroepene gearbei het in diens van die Kerk in wyer verband, reik die voorsitter en skriba van die kommissie aan hom 'n gewysigde akte van demissie in duplikaat uit.*

8.11 Die Bevestiging

8.11.1 *Voor die bevestiging van 'n leraar moet al die toepaslike dokumente by die voorsitter van die beroepende vergadering ingedien word, wat dit op sy beurt aan die ringskommissie of Regskommissie/gevolmagtigde voorlê om skriftelik te bevestig dat aan alle kerklike vereistes voldoen is.*

8.11.2 *Die bevestiging van 'n leraar geskied deur 'n leraar van die gemeente of die konsulent van die gemeente of deur 'n predikant wat bevoegdheid as predikant het en wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is. Die bevestiging van 'n proponent geskied met die oplê van hande. Deelname hieraan word beperk tot predikante van die Ned Geref Kerk.*

- 8.11.3 *In die geval voorsien in Bepaling 7.2.2, word die leraar bevestig as leraar van die gemeente waarin hy woon, en word hy deur die ring benoem tot konsulent van die ander kontrakterende gemeente waar dit van toepassing mag wees.*
- 8.11.4 *Die indiensstelling van 'n amptenaar/predikant in diens van 'n meerdere vergadering word deur die betrokke kommissie onder wie se toesig hulle arbei, gereël.*

8.12 Kennisgewing aangaande Bevestiging

- 8.12.1 *Die voorsitter van die beroepende vergadering gee aan die skriba van die ringskommissie van die bevestiging van 'n leraar kennis. In die geval van proponente gee die skriba van die ring aan die actarius synodi kennis en verstrekk aan hom die gegewens soos in die akte van bevestiging (kyk vorms) vereis word, en laasgenoemde reik 'n akte van bevestiging uit.*
- 8.12.2 *Die skriba van die ringskommissie of kommissie van die meerdere vergadering gee in Die Kerkbode kennis van die bevestiging /indiensstelling, met vermelding van die datum waarop dit plaasvind.*
- 8.12.3 *Die skriba van die ring stuur aan die Algemene Kantoorbestuurder van die Kerkkantoor berig van die bevestiging van die betrokke leraar met vermelding van sy vorige en huidige adres, sodat die Algemene Kantoorbestuurder daarvan kennis kan gee aan die Departement van Binnelandse Sake en, in die geval van proponente, aansoek doen om hulle aanstelling as huweliksbevestigings deur die staat.*

8.13 Bekendstelling vir Beroeping/Aanstelling

- 8.13.1 *Indien 'n kerkraad om finansiële redes en/of krimpende lidmaattal sou oordeel dat hy 'n leraarspos wil afskaf wanneer daar 'n vakature ontstaan, kan die kerkraad in oorleg met die leraar/s 'n gemotiveerde versoek voor die ring/ringskommissie lê om die leraar/s onder aandag vir 'n beroep te bring.*
 - 8.13.1.1 *Die ring/ringskommissie beoordeel die versoek.*
 - 8.13.1.2 *Die skriba van die ring/ringskommissie stuur die naam/name met motivering na Die Kerkbode vir publikasie.*
- 8.13.2 *Indien die sinode/Sinodale Dienskommissie oordeel om die pos van 'n amptenaar/predikant in sinodale diens te laat verval, kan hy in oorleg met die amptenaar/ predikant hom elders in sinodale diens gebruik en/of in Die Kerkbode onder aandag vir 'n beroep/aanstelling bring.*
- 8.13.3 *Indien 'n kommissie van die sinode onder wie se toesig 'n amptenaar in sinodale diens werk, oordeel om die betrokke pos te laat verval, kan hy in oorleg met die amptenaar 'n gemotiveerde versoek voor die Sinodale Dienskommissie lê om die amptenaar elders in sinodale diens te gebruik en/of onder aandag vir 'n beroep/aanstelling te bring.*
 - 8.13.3.1 *Die Sinodale Dienskommissie beoordeel die versoek en handel in die lig van die betrokke Bepalings.*

Bepalings 28-31 en 34: bly onveranderd

Bepaling 32 word gewysig by 32.1.4 om te lees:

32.1.4 Gewone vergaderings van die sinode word twee maande tevore opgeroep deur 'n skriftelike kennisgewing van die skriba aan alle kerkrade asook amptelike 'n kennisgewing in Die Kerkbode.

Bepaling 33 word skribaat regdeur vervang met skriba:

Bepaling 33

33.1 *Konstituering en Kworum.*

33.1.1 *Na die vergadering van die sinode, saamgestel volgens Artikel 33.1.2 van die Kerkorde, mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens met sekundi afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is.*

33.1.2 *Die geloofsbriewe van afgevaardigdes, deur die voorsitter en skriba van die kerkraad namens die kerkraad onderteken, moet ten minste 3 weke voor die vergadering aan die skriba van die sinode gestuur word met 'n begeleidende skrywe om te meld wie sal verskyn.*

33.1.3 *Die skriba stel die presensielys uit die ingekome stukke op en lê dit by die aanvang van die sitting ter tafel. Die skriba is op die oggend van die eerste sitting tot een uur voor die aanvang van die sitting beskikbaar om wysiginge van en toevoegings tot die presensielys te ontvang.*

33.1.4 *Die vergadering word met die personeel soos aangeteken op die presensielys, gekonstitueer, mits dit minstens die meerderheid van die getal waaruit die sinode ingevolge Bepaling 33.1.1 bestaan, bevat.*

33.1.5 *Persone wie se name nie op die presensielys verskyn nie, mag nie aan die verrigtinge deelneem, voordat hulle geloofsbriewe by die skriba ingedien en by die aanvang van 'n sitting aangekondig is nie.*

33.1.6 *Van die getal op die presensielys vorm 'n volstrekte meerderheid 'n kworum.*

33.1.7 *Amptenare in sinodale diens en diegene wat in ooreenstemming met Artikel 33.2 van die Kerkorde die teologiese opleiding verteenwoordig het sitting met adviserende stem.*

Bepaling 35

35.1 **Die Moderatuur**

35.1.1 **Verkiesing**

35.1.1.1 *Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die opening van die vergadering waar.*

35.1.1.2 *Die voorsitter van die Moderatuur neem die leiding by die konstituering totdat die moderator gekies is.*

35.1.1.3 *Na die konstituering van die vergadering word die moderatuur op 'n geslote stemwyse gekies sonder dat 'n nominasielys vooraf gevorm word.*

35.1.1.4 *Onder leiding van die moderator word 'n assessor, aktuaris en skriba gekies wat saam met die moderator die moderatuur vorm.*

- 35.1.1.5 'n Moderator en 'n assessor kan vir 'n maksimum van twee termyne, en 'n aktuaris en 'n skriba vir 'n maksimum van vier gewone opeenvolgende gewone vergaderings in dieselfde poste dien.
- 35.1.2 Die Moderatuur sorg vir die ordelike verloop van die vergadering.
- 35.1.3 Na afloop van die sinode vorm die Moderatuur die dagbestuur van die Sinodale Dienskommissie. Die Algemene Kantoorbestuurder van die Sinodale Kerkkantoor kan deur die dagbestuur op die dagbestuur gekoöpteer word met adviserende stem.
- 35.1.4 **Die Skriba**
- 35.1.4.1 Die werk van die skriba:
- 35.1.4.1.1 Die skriba teken die handeling van die vergadering op en voer die opdragte uit.
- 35.1.4.1.2 Die skriba publiseer die handeling van die sinode en dien die oorspronklike handeling met al die bylaes wat daarby hoort by die kerkargief in.
- 35.1.4.1.3 Die skriba doen wat aan hom opgedra word in al die Artikels en Bepalinge van die Kerkorde.
- 35.1.4.1.4 Die skriba doen aan die volgende sinode van die uitvoering van al sy pligte verslag.
- 35.1.5 **Die Aktuaris**
- 35.1.5.1 Hy verstrek gedurende die reses, op aanvraag, advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde en sinodale bepalinge.
- 35.1.5.2 Hy doen van sy werksaamhede aan die volgende sinode verslag.
- 35.1.5.3 Hy dien 'n afskrif van elke skriftelike advies wat deur hom gegee word by die kerkargief in.
- 35.1.5.4 Hy is voorsitter van die regs kommissie.
- 35.2 **Die Sinodale Dienskommissie**
- 35.2.1 **Samestelling van die Sinodale Dienskommissie**
- 35.2.1.1 Voor die verdaging van die sinode word 'n Sinodale Dienskommissie saamgestel, wat bestaan uit die Moderatuur, die vyf Portefeuljeleiers plus drie ouderlinge of diakens wat nie bevoegdheid as bedienaar van die Woord het nie. Die Algemene Kantoorbestuurder van die NG Kerk van Hoëveld het sittingsreg met adviserende stem op die Sinodale Dienskommissie. Vir die verkiesing van die leiers word 'n groslys gebruik wat saamgestel is deur middel van 'n nominasievorm.
- 35.2.1.2 Drie ouderlinge of diakens (met sekundi) wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie, word verkies tot lede van die Sinodale Dienskommissie.
- 35.2.1.3 Indien 'n verkose lid van die SDK gelyktydig ook 'n betaalde amptenaar van die Sinode is, is sy/haar sittingsreg op die SDK adviserend (na analogie van Bepaling 35.2.1.1).
- 35.2.2 **Opdrag**
- 35.2.2.1 Die uitvoering van opdragte wat deur die Sinode aan hom gegee is, asook besluite van die Sinode wat nie onder die opdragte van ander kommissies ressorteer nie.

- 35.2.2.2 Die koördinerings, toesighouding en organisering van die werksaamhede van alle kommissies van die Sinode binne die beheer- en bestuursraamwerk soos bepaal deur die Sinodale Dienskommissie.
- 35.2.2.3 In spoedeisende gevalle mag die Sinodale Dienskommissie opdragte aan ander kommissies uitbrei om te sorg dat die besluite van die Sinode effektief uitgevoer word, of om te sorg dat pro-aktief opgetree word in terme van die roeping en diensrigtings van die Sinode.
- 35.2.2.4 Doen aanbevelings aan die Sinode met betrekking tot die roeping van die Sinode en die diensrigtings waarop die Sinode fokus.
- 35.2.2.5 Die Sinodale Dienskommissie mag taakgroepe saamstel wat uitvoering gee aan die spesifieke opdragte van die Sinode of die Sinodale Dienskommissie. Hierdie taakgroepe word ad hoc saamgestel en doen aan die Sinodale Dienskommissie, of 'n spesifieke kommissie van die Sinode, verslag. Van hierdie sake word ook aan die Sinode verslag gedoen.
- 35.2.2.6 Die aanvulling van vakatures wat in die kommissies van die sinode mag ontstaan, indien moontlik en waar van toepassing op aanbeveling van ringe/ringskommissies. Die Sinodale Dienskommissie mag die samestelling van kommissies uitbrei deur lede met spreekstem te koöpteer. Die Sinodale Dienskommissie mag lede in die Sinodale Dienskommissie met spreekstem koöpteer.
- 35.2.2.7 Die aanstelling van amptenare in sinodale diens.
- 35.2.2.8 Die aanwysing van persone om by afwesigheid van die skriba en aktuaris van die sinode die opdragte soos Bepaling 35.1 omskrywe, uit te voer.
- 35.2.2.9 Die sameroeping van 'n buitengewone vergadering van die sinode wanneer dit noodsaaklik mag blyk.
- 35.2.2.10 In die geval van 'n kandidaat wat beoog om colloquium doctum af te lê, 'n ondersoek te doen met betrekking tot die wedergeboorte deur die Heilige Gees, die persoonlike ondervinding van die genade van God en geestelike geskiktheid vir die evangeliebediening.
- 35.2.2.11 Die Sinodale Dienskommissie wys 'n leraar/s aan om as Pastor/es Pastorum na die pastorale sorg van leraars in die sinodale gebied om te sien.
- 35.2.2.12 Die kommissie doen van al sy werksaamhede aan die sinode verslag.
- 35.2.3 'n Gesamentlike kommissie wat namens die sinodes van Transvaal kan optree. Indien 'n skaakmatposisie bereik word as gevolg van teenstrydige besluite van die sinodes van Transvaal met betrekking tot aangeleenthede wat gesamentlik beheer word, of indien daar in die tydperk tussen sinodesittings 'n saak na vore kom wat 'n gelykluidende besluit vereis, word die volgende prosedure gevolg:
- 35.2.3.1 Die dagbesture/moderature van die sinodes/ sinodale kommissies vergader met die doel om 'n gelykluidende besluit te neem.
- 35.2.3.2 Die dagbesture/moderature doen verslag met aanbeveling(s) aan die onderskeie sinodes/sinodale kommissies. Indien die

aanbeveling(s) deur die sinodes/sinodale kommissies aanvaar word, is dit die geldende besluit.

35.2.3.3 *Indien een of meer sinode/sinodale kommissie die aanbeveling(s) nie goedkeur nie, word dit na die dagbesture/moderature met aanbevelings terugverwys.*

35.2.3.4 *Nuwe aanbevelings word aan die sinodes/ sinodale kommissies gemaak.*

35.2.3.5 *Indien die aanbevelings nie eenvormig goedgekeur word nie, word 'n gesamentlike vergadering van die sinodale kommissies belê, elk met 20 lede, om deur meerderheidstem 'n bindende besluit te neem.*

35.3 Ander kommissies van die sinode

In verband met die behartiging van die werksaamhede in Artikel 35 van die Kerkorde aan die Sinode toegesê, benoem die Sinode vir 'n dienstyd van vier jaar die volgende:

35.3.1 **'n Regskommissie**, wat uit 10 lede bestaan, waarvan die aktuaris lid en voorsitter is en die regsadviseur van die sinode in adviserende hoedanigheid dien.

35.3.1.1 *Bestudeer alle voorstelle oor wysiging van die sinodale bepalinge in verband met die Kerkorde, adviseer die sinode daaromtrent, sorg vir die korrekte rangskikking van die bepalinge en publiseer dit daarna.*

35.3.1.2 *Dien kerkvergaderinge en ampsdraers met voorligting met betrekking tot sake rakende die kerkreg en die staatlike reg, veral in gevalle waar hulle op grond van die uitvoering van hulle ampspligte in 'n regsproses betrokke mag raak. Die kommissie sorg dat geen saak waarvan die koste uiteindelik op rekening van die sinode mag kom, ligtelik in die hof aangegaan of verdedig word nie.*

35.3.1.3 *Die Regskommissie tree op as gevolmagtigde appèllicgaam van die sinode.*

35.3.1.4 *Indien 'n aangeleentheid na vore kom wat na die oordeel van die aktuaris ingrypende regsimplikasies vir die Transvaalse Sinode het, kan 'n gesamentlike vergadering van verteenwoordigers uit die verskillende regskommissies/ kerkordekommissies byeengeroep word.*

35.3.1.5 *Elke regskommissie stuur na hierdie vergadering drie verteenwoordigers en tesame met die regsadviseurs van die verskillende sinodes word besin met die oog op advies aan die betrokke kerkvergaderinge of instansies.*

35.3.2 Kommissies

35.3.2.1 *'n Sinodale Kommissie vir Fondse en 'n Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge. Die ander werksaamhede wat in Artikel 35 van die Kerkorde beskryf word, word aan die onderskeie Portefeuljies oorgedra. Die werksaamhede van die portefeuljeleiers word bepaal deur die strategiese bedieningsareas soos vervat in die Strategiese Plan.*

35.3.2.2 *Hierdie kommissies in oorleg met die betrokke Portefeuljeleiers, help die Sinode om sy roeping, waarop die Sinode besluit, te realiseer. Die kommissies ontvang sy opdragte van die Sinode of in spoedeisende gevalle van die Sinodale Dienskommissie.*

- 35.3.2.3 *Die Sinodale kommissies doen in oorlegpleging met die Sinodale Dienskommissie, oor hulle werksaamhede sowel as toekomstige uitdagings verslag by elke vergadering van die Sinode.*
- 35.3.2.4 *Die kommissie vir Fondse word saamgestel uit een verteenwoordiger uit elke ring, met net soveel sekundi, en ander persone deur die Sinode benoem. Alle ander kommissies, bestaan verkieslik uit ongeveer 5 of minder lede, en word saamgestel op aanbeveling van die Tydelike Kommissie vir Kommissies saamgestel met inagneming van die taak van die kommissies en die gawes van die lede.*
- 35.3.2.5 *'n Sinodale kommissie het die bevoegdheid om 'n lid wat in die Algemene Sinode se ooreenstemmende kommissie dien as adviserende lid te koöpteer.*
- 35.3.3 *Die Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge administreer en voer die beleid uit oor die diensverhoudinge van die personeel in diens van die NG Kerk van Suid Transvaal. Die Kommissie verskaf ook, indien nodig, advies vir die bestuur van diensverhoudinge.*
- 35.3.4 *'n Tydelike Regskommissie wat gedurende elke gewone sinodesitting funksioneer en die sinode van die raad bedien oor alle sake wat aan hom opgedra word, vernaamlik oor tugsake en kerklike geskille wat direk of by wyse van appèl voor die sinode kom.*
- 35.3.5 *Lys van verteenwoordigers met sekundi wat verkies moet word om namens die Sinode in die volgende te dien:*
- 1) *Kuratorium, Teologiese Fakulteit, Pretoria (vier lede).*
 - 2) *Proponentskommissie, Teologiese Fakulteit, Pretoria (vier lede) (Aanbeveling by die Kuratorium, Pretoria).*
 - 3) *Kieskollege, Teologiese Fakulteit, Pretoria (Sien Bep. 5.2.1)*
 - 4) *Kuratorium, Teologiese Kweekskool, Stellenbosch (een lid).*
 - 5) *Proponentskommissie, Teologiese Kweekskool, Stellenbosch (een lid) (Aanbeveling by die Kuratorium, Stellenbosch).*
 - 6) *Kuratorium, Proponentskommissie en Kieskollege, Teologiese Fakulteit, Bloemfontein (een lid).*
 - 8) *Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (een lid).*
 - 8) *Bybelgenootskap van Suid Afrika (twee lede).*
- 35.3.6 *Die verteenwoordigers van die sinode volgens Bepaling 35.3.5 moet van hul werksaamhede aan die volgende sinode verslag doen. Indien daar nie verslag gedoen word nie, heroorweeg die sinode die aanwys van verteenwoordigers in die betrokke kommissies/liggame.*
- 35.3.7 *Afgevaardigdes na die volgende Algemene Sinode.*
- 35.3.8 *Enige ander kommissies van tydelike of permanente aard wat die sinode nodig mag ag, waaronder In Memoriam-kommissie (drie lede).*
- 35.4 *Dieselfde persone mag nie vir meer as agt jaar aaneenlopend as voorsitter en ondervoorsitter van dieselfde kommissie dien nie.*
- 35.5 **Sake vir behandeling deur die Sinode**
- 35.5.1 *Sake vir behandeling deur die sinode moet ses (6) weke voor die tyd in die hande van die skriba wees en mag ingedien word deur leraars, kerkrade, ringe en kommissies van die sinode. Lidmate van gemeentes binne die gebied mag hulle by wyse van versoekskrif tot*

die sinode wend. Die sinode besluit of laat ingekome stukke behandel sal word.

35.5.2 Minstens tien weke voor die tyd moet daar by die skriba ook verslae van die Skriba, die Aktuaris, die Algemene Kantoorbestuurder, die Sinodale Dienskommissie, moderatuur, die portefeuljeleiers en alle ander kommissies deur die sinode benoem, ingedien word.

35.5.3 Die skriba laat al die stukke onder Bepalinge 35.5.1 en 35.5.2 genoem, druk, nadat die Sinodale Dienskommissie geleentheid gehad het om 'n insae te kry in die stukke waaroor hulle die sinode moet adviseer. Die skriba versprei die agenda van die sinode betyds onder die afgevaardigdes.

35.6 **Besondere verrigtinge gedurende die vergadering van die Sinode**

35.6.1 Die sinode word met Skriflesing en gebed begin en afgesluit.

35.6.2 Die nagmaal word indien moontlik, op uitnodiging van en saam met een van die plaaslike gemeentes gevier.

35.7 Die sinode besluit op die roeping en strategiese bedieningsareas van die sinode na aanleiding van 'n aanbeveling van die Sinodale Dienskommissie.

Artikel 54: bly onveranderd

Bepaling 54: Onder hersiening

Bepaling 57

57.1 Gemeentelike Fondse en Eiendomme.

57.1.1 In ooreenstemming met die "Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse" en die fidusêre vereistes van 'n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) soos geregistreer by die Belastingvrystellingseenheid van die SAID, berus die volle verantwoordelikheid vir die administrasie en beheer van die gemeentelike fondse en bates by die kerkraad. Alle gemeentelike eiendomme word getranspoteer in die naam van die gemeente. Die kerkraad is ook verantwoordelik vir die insameling en besteding van al die gelde wat vir die gemeentelike lewe noodsaaklik is.

57.1.1.1 Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede vereis dat toestemming van die betrokke provinsiale owerhede verkry moet word voordat herstelwerk of aanbouings aan 'n huis of ander gebou ouer as 60 jaar gedoen word. "Verandering" sluit selfs blote pleisterwerk of die aanbring van versierings in.

57.1.2 Die geouditeerde kasboek, grootboek, inkomste en uitgawestaat en die begroting vir die volgende boekjaar wat deur die kerkraad goedgekeur is, moet voor die volgende kerkraadsvergadering op 'n geskikte plek vir al die lidmate van die gemeente ter insae wees. Enige besware ten opsigte van hierdie state moet skriftelik by die kerkraad ingedien word vir behandeling.

57.2 Indiening van jaarlikse Vorm 15

- 57.2.1 *Die kerkraad moet jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar wat strek van 1 Maart tot 28 (29) Februarie 'n oorsig van die gemeentelike finansies gee volgens die nuutste voorgeskrewe Vorm 15 en die riglyne bevat in die meegaande jaarlikse Handleiding ter voorlegging aan die ring en Sinodale Kantoor.*
- 57.2.2 *Die sperdatum vir die indiening van die volledig voltooide Vorm 15 by die Sinodale Kantoor is voor of op die einde Junie van elke jaar.*
- 57.2.3 *Vorm 15 moet deur die voorsitter en skriba van die kerkraad, die onafhanklike ouditeur en die drie fidusiêre verantwoordelike persone (soos aangewys volgens die vereistes van 'n OWO) onderteken word en gesertifiseer word deur die onafhanklike ouditeur wat kragtens die Wet op die Ouditprofessie, Wet 26 van 2005 (soos gewysig), geregistreer is.*
- 57.2.4 *Elke bladsy van Vorm 15 moet geparafieer word deur die ouditeur, die voorsitter en skriba van die kerkraad en die drie fidusiêre verantwoordelike persone.*
- 57.2.5 *Enige verslag of opmerkings deur die ouditeur, addisioneel tot sy verslag oor die geouditeerde finansiële state, moet by Vorm 15 aangeheg word.*
- 57.2.6 *Die ouditeure moet ook elke jaar die Verslagdoeningsvorm vir die Onafhanklike Ouditeur voltooi en by Vorm 15 aanheg.*
- 57.2.7 *Die kerkraad is verantwoordelik om sy verpligtinge in verband met die befondsing van die sinodale en ringswerkzaamhede na te kom.*
- 57.2.8 *Die kerkraad mag volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels geen fondse van watter aard ook al anders hanteer as deur die kerkraad se rekeningkundige stelsel wat opgestel en bedryf word nie.*

57.3 Rings- en ander Fondse.

- 57.3.1 *Die ring administreer, behalwe 'n ringsadministrasiefonds waartoe al die gemeentes op 'n eweredige basis bydra, ook die fondse wat noodsaaklik is vir die werkzaamhede wat deur hom onderneem word.*
- 57.3.2 *Alle fondse onder beheer van die ring word jaarliks deur 'n bevoegde persoon, deur die ring aangewys, nagesien met verslag aan die ring. Hierdie verslag word as deel van die Ringsfinansiële Kommissie se verslag aan die ring voorgelê.*
- 57.3.3 *Waar twee of meer gemeentes saam 'n bepaalde werkzaamheid onderneem, administreer die betrokke kommissie, wat belas is met die beheer oor die werk, die fondse wat daarvoor nodig is, en doen sorgvuldig verslag daarvan. Vaste eiendomme word geregistreer in die naam van die ring.*

57.4 Sinodale Fondse.

- 57.4.1 *Daar is sinodale fondse wat deur die Sinodale Kommissie vir Fondse geadministreer word om te voorsien in die uitgawes van die sinode, verpligte bydraes binne die kerkverband, mediese subsidies en die administrasie daarvan, administratiewe kostes verbonde aan die sinodale vergaderinge, die instandhouding van die Sinodale Sentrum, die salarisse van die amptenare en personeel, amptelike reiskoste van afgevaardigdes na die*

- sinode en van lede van kommissies/werkgroepe/ taakspanne/komitees en diensgroepe.*
- 57.4.2 *Fondse word deur die sinode vir die onderhoud van die verskillende werksaamhede van die sinode soos volg voorsien:*
- 57.4.2.1 *Die verskillende kommissies/werkgroepe/ taakspanne/komitees en diensgroepe wat belas is met die toesig oor die sinodale werksaamhede, lê jaarliks via hulle onderskeie Portefeuljeleiers of voorsitters 'n begroting van die fondse wat benodig word vir hulle arbeidsterrein, aan die Sinodale Kommissie vir Fondse voor vir bestudering en aanbeveling aan die SDK/sinode.*
- 57.4.2.2 *Die Begroting van die sinode word volgens die Sinodale Begrotingsriglyne in Oktober tot November van elke jaar saamgestel.*
- 57.4.2.3 *Begrotingsbeheer word gereeld uitgeoefen deur die nagaan van die werklike uitgawes van die portefeuljes in vergelyking met die begrote bedrae.*
- 57.4.2.4 *Aansoeke vir begrotingsaanpassing vanweë onvoorsiene omstandighede word deur die verskillende portefeuljeleiers aan die Sinodale Kommissie vir Fondse voorgelê word vir aanbeveling aan die Sinodale Dienskommissie.*
- 57.4.2.5 *Die fondse wat so benodig word, word deur die sinode volgens 'n goedgekeurde persentasie-verdeling van die gemeentes gevorder.*
- 57.4.2.6 *Batige saldo's word aan die einde van die finansiële jaar in die sinodale reserwefonds(e) oorbetaal. .*
- 57.4.3 *Daar kan sinodale studiefondse, wat beheer word in ooreenstemming met die reglemente wat daarvoor opgestel en deur die sinode goedgekeur is, ingestel word.*
- 57.4.4 *In ooreenstemming met die “Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse” en die fidusêre vereistes van 'n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) soos geregistreer by die Belastingvrystellingseenheid van die SAID, berus die volle verantwoordelikheid vir die administrasie en beheer van die sinodale fondse en bates by die sinode/SDK.*
- 57.4.5 *Alle fondse en bates van die sinode moet jaarliks deur 'n onafhanklike ouditeur, wat kragtens die Wet op die Ouditprofessie, Wet 26 van 2005 (soos gewysig) geregistreer is, geoudit word. Die geouditeerde finansiële state van die sinode word jaarliks deur die SDK op aanbeveling van die Ouditkomitee goedgekeur en aan die daaropvolgende sinode voorgelê.*

57.5 Sinodale eiendomme.

- 57.5.1 *By die oprigting of verkryging van administrasie of soortgelyke eiendomme in Transvaal het 'n sinode/ die Sinodale Dienskommissie 'n keuse wat die registrasie betref. Dit kan geskied of in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal ingevolge die Akte van verdeling in 1961 en die toepassing daarvan tot dusver, of in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Transvaal ingevolge die Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse.*
- 57.5.2 *Bogenoemde keuse word bepaal deur die vraag of die sinode/sinodale dienskommissie verlang dat die eiendom onder die beheer en administrasie*

- van die Sinodale Kommissie vir Fondse moet wees of dat die sinode sy eie reëlings in hierdie verband tref.*
- 57.5.3 *Alle eiendomme wat tans geregistreer is in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, wat as regs persoon bly voortbestaan, bly aldus geregistreer. Hierdie eiendomme word deur die Sinodale Kommissie vir Fondse in ooreenstemming met die bepalinge en die besluite van die betrokke sinodes geadministreer.*
- 57.5.4 *Alle eiendomme wat geskenk of bemaak word aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal moet ook aldus (in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal) geregistreer en geadministreer word.*
- 57.5.5 *Geboue en ander vaste eiendom wat vir die doeleindes van die Diens van Barmhartigheid gebruik word, word soos in die verlede, in die naam van Pro Ekklesia NPC geregistreer.*

57.6 Argief.

- 57.6.1 *Al die gemeentes, ringe, kerklike instansies en kantore [dit sluit ook alle argiefskeppende instansies in soos kampterreine, kinderskole, CMR-kantore] moet uitvoering te gee aan die vereistes van Wet 2 van 2000 (soos gewysig): Elke gemeente en ring moet verseker dat hulle die voorgeskrewe Inventarisvorm voltooi en dit jaarliks aan die Argief te Stellenbosch stuur.*
- 57.6.2 *Al die gemeentes, ringe, kerklike instansies en kantore moet op hoogte bly met die BEWARINGSWETGEWING, WETGEWING TEN OPSIGTE VAN E-KOMMUNIKASIE EN TRANSAKSIES (WET 25 VAN 2002 (soos gewysig)) en die VEREISTE TYDPERKE VIR DIE BEWARING VAN REKORDS asook die WETLIKE VOORSKRIFTE VIR DIE BEWARING VAN REKORDS.*